

JANUS



Uitgawe/Edition 12 - November 2013

NUUSBRIEF VAN DIE DEPARTEMENT JOERNALISTIEK / NEWSLETTER OF THE DEPARTMENT OF JOURNALISM

1978-2013

'n Oorsig oor 'n departement en haar mense oor 35 jaar en waar hulle hulle in die wêreld van woorde en werk bevind.



Henriette Lategan, Lisel van der Spuy, Larry Schwartz, Theoniel Potgieter, Roline Hepburn, Gerrie van Aarde, Denise Lloyd, Julia Page-Wood, Louise de Wet, Marlene van Eeden, Fanie Krige, Prof Piet Cillié, Dr Pat McMagh, mnr Eldred Green, mev Winie Rousseau, mev Leona Amoraal, Stella du Plessis, May van der Merwe, Bruce Hopwood, Tim du Plessis, Wietske Stighling, Lizette Rabe, mnr JJJ Scholtz, Deon Ebersöhn, Ulla Schüler, Hugo Truter, Elza Esterhuizen en Victor Holloway

35 jaar... sowaar?

Die “oerklas”, soos wat Piet Cillié (“PaPiet” vir sy “kinders”) na sy eerste joernalistiekklas in die klein skooltjie aan Crozierstraat verwys het, het in Julie bymekaar gekom vir 'n saamkuier. (NIE reünie nie, ons is almal allergies vir daardie woord.) Dis immers 35 jaar gelede dat hulle saam geskiedenis gemaak het toe hulle die proefkynone was in die US (en Naspers) se joernalistiekopleidingsprojek – JOP, vir kort, want daardie tyd het ons sowaar ook nog almal werk gekry.

Amper die helfte van die klas was daar, met Larry al die pad uit Australië.

En hoe was dit toe om mekaar 35 jaar later te sien?

Soos Ulla Schüler skryf: “Ek moet erken dat ek die dae ná ons heerlike samesyn bietjie nostalgies en weemoedig was. Sommer aan almal gedink en die draaie wat die lewe met ons gemaak het.

Die merkwaardige was egter dat ons ná soveel jare bymekaar kon kom en die drade optel asof ons gister nog in die klas was. Vrolik om die ‘familiefoto’s’. Baie dankie, Lizette, wat met jou kenmerkende *Genauigheid* die aand tot in die fynste besonderhede beplan het, Leona vir die aanbieding en diegene wat agter die skerms die kos gemaak het. Dankie vir al die foto’s (Denise, wat krap ons so in die handsakke?), die lekker lag, gedeelde gedagtes en sommer dat ek deel is van ’n merkwaardige groep. Op hierdie ouderdom behoort ons sulke geleenthede meer dikwels te hou!”

Lisel van der Spuy Krige het ná die tyd dié waardering van Crozierstraat en sy rol in haar lewe en loopbaan geskryf:

Wat het ek geleer?

Ek het leer skryf – soos ’n verslaggewer/



Denise Lloyd en Ulla Schüler - Wat soek hulle?



35 jaar later in amper dieselfde volgorde as die 1978-foto: Danie Williams, Lisel Krige, Larry Schwartz, Denise Lloyd, Fanie Krige, Bruce Hopwood, Tim du Plessis, Henriette Lategan, Leona Amoraal, Lizette Rabe, Deon Ebersöhn, Ulla Schüller, Hugo Truter.

koerantjoernalis moet kan skryf en “*by calling a spade a spade, not ‘a bloody shovel’*” (à la PaPiet...).

’n Waardevolle les wat my al 35 jaar goed te staan kom, is om my spreekwoordelike “potloodjie” skerp te hou: so was ek nog altyd op my tone – met skryfvermoë, tegnologie en ander relevante vaardighede (soos tik!!).

Ek het ook ’n goeie wenk by Jane Raphaely gekry toe sy op ’n dag in 1978 met ons kom gesels het, en dit willens en wetens in my loopbaan toegepas: om nie daarvan weg te skram om ’n “dubbele loopbaan” te beoefen nie – dié van joernalis parallel aan dié van ma-wees. (Soms was dit ’n uitdaging om kind-op-die-heup 100% professioneel te wees, maar dit het gewerk! Ek het my “pose” gehou en *nooit* professionaliteit ingeboet nie!) Het darem net twee grootgemaak – en die een is nou ’n joernalis. Binne die Naspersgroep. (Die ander is ’n grafiese ontwerper van formaat.)

Wat moes ek geleer het?

Hoe en wanneer om beskeidenheid met mening opsy te skuif. M.a.w., hoe om my eie beuel harder te blaas; hoe om myself sonder skroom (as joernalis) te handhaaf en te laat geld.

Om meer “hard-core” te wees!

Kosbaarste herinneringe aan 1978?

Daar is baie.

Een van hulle: die halfjaarlikse evaluasie-sessie in PaPiet se kantoor – toe hy bo-oor sy bril half kwaai kyk, maar met deernis en half vaderlik sê ek “blom” nog nie ten volle nie: hy wil graag sien dat die blomblare heeltemal oopvou. Ek het verstaan. En waardeer.

Ook toe ek einde-van-die-jaar betraand in sy kantoor aankondig ek moet huis toe, want my hart is gebreek, en hy sonder slag of stoot inwillig, maar (weer eens vaderlik) byvoeg dat ek my in hemelsnaam tog nie weer vir die wolwe moet gooi nie. (So asof die jarelange skoolliefde ’n wolf was!)

Ek hoop dit het sy goedkeuring weggedra dat klasmaat Fanie Krige later lewensmaat geword het!

1978 se impak op my as mens:

Ek kan met oortuiging sê die jaar in Crozierhuis, met als wat dit behels het, het my toegerus as beroepsmens.

Ek kon op 1 Desember van dieselfde jaar by *Beeld* se Pretoria-kantoor instap en my loopbaan as joernalis met selfvertroue aanpak. Die *Beeld*-era was weliswaar ’n leerskool op sigself; maar my beroep was uitgekerf.

Ek kon sedertdien nog altyd woeker – met sowel talent as vaardigheid. Altyd met woorde.

“

Ek kan met oortuiging sê die jaar in Crozierhuis, met als wat dit behels het, het my toegerus as beroepsmens.

”

Tien jaar ná 1978 kon ek onder prof. Grosskopf se leiding 'n meestersgraad oor 'n Namibiese onderwerp met genot en oorgawe voltooi.

Een van die snaakse insidente (daar was heelparty!):

Ek het klas ge-“bunk” om 'n wondermoorie Oktoberdag eerder by die see in die son as in die klas deur te bring. Bloedrooi maar dolgelukkig (en in 'n eina-kortbroekie) het ek laatmiddag gou by Crozierhuis ingedraf om “huiswerk” in te haal – maar loop my toe mooitjies in mev. Rousseau vas. Sy kyk my met die grootste afkeuring aan, op en af, sprakeloos, en kry uiteindelik die volgende woorde bymekaar: “Kyk hoe lyk jy!”

Nog 'n herinnering waaraan ek met groot deernis dink, is hoe May van der Merwe my tweetaligheid daagliks in die vertaalsessies luidkeels en geesdriftig getap het om haar te help om so gou moontlik, eerste indien moontlik, klaar te maak... May was 'n gebore winner. 'n Doener. Vasberade om te “deliver”! Ek eer haar nagedagtenis.

Dit was 'n lekker jaar. Mooi. Waardevol. Leersaam. Enig in sy soort. Dis nou nog so.

“

Bloedrooi

maar dolgelukkig
(en in 'n eina-
kortbroekie) het ek
laatmiddag gou
by Crozierhuis
ingedraf om
“huiswerk” in te
haal – maar loop
my toe mooitjies in
mev. Rousseau vas.

”

And a trip down MEMORY LANE

via e-mail

In the run-up to the get-together in July of the “Oerklas van '78” Lizette Rabe asked Larry Schwartz whether he's going to bring his guitar along, remembering a certain evening in Jonkershoek around a fire.

Larry's answer

Hi Lizette

Mention of the guitar brings back memories of an evening at Jonkershoek. I'd bring along my didgeridoo if I could fit it... Is it 35 years? My memories include one of your first stories, on the scarecrows on the property on Annandale Road, Lynedoch, for Eikestadnuus I think.

Another, being chased by a (toothless) dog while carrying a large container of milk to the car at the Henke's (? your husband's family?) farm next to Bontevlei where we stayed.

I tell my students that if I had only been more committed in Mev Amoraal's class I would be doing shorthand, not schwartzhand – a mix of shortened forms and scrawl.

I'm looking forward to seeing the new department which Hugo tells me is on the carpark behind the Crozier Avenue building. I lost a wheel in that carpark one morning.

I'm three years into a part-time PhD at Swinburne University's Institute of Social Research while freelancing and doing sessional teaching (Journalism Practice, Print Features, Reporting Public Forums, Practical and Professional Ethics for Journalists, Reporting Art and Culture) at Swinburne and at one stage Monash University too.

I quit *The Age* newspaper in 2009. At times the study (non-fiction artefact and exegesis) seems like a bit of folly.

Looking forward to catching up.

Regards

Larry

Lizette's answer

Indeed, Larry, that evening I'm referring to... And if I'm correct, you still sang us a song about Sweet Jesus of mine, and Tim said from somewhere in the dark, Hey, just leave my Jesus out of this... 35 years ago.

And many words, and too many tragedies since as well.

And yes, I remember the dog chase; Anton's Onkel is still there, pushing 90.

And yes, we now have our lovely little boutique style j-school just behind the Grand Old Edwardian lady.

Will be great to see you again – last time was with Roline and Hugo – which year?!

Would love to talk about your studies. We could've fit in a guest lecture for the honours class, but they will exercise their constitutional right to having a holiday then, which is a pity, would've loved if you could also enrich them.

Bestest

L

DIE UITGEWERSBEDRYF *my roeping*

gevind

ERIKA OOSTHUYSEN (1984)

Ek is nou 15 jaar in die uitgeebedryf. Vyftien jaar! Hoe sieldodend en vervelig. Maar nee, elke boek is nuut en die werk voortdurende vreugde. Ek tel my seëninge. Of dalk is dit net 'n geval van my 'roeping' wat ek gevind het.

Aanvanklik was ek by Kwela redakteur, toe later die uitgewer van aktuele en geskiedenisboeke by Tafelberg. Dit was veeleisende en stresvolle jare, maar bevredigend.

Omdat boeke so 'n lang omkeertyd het – ons werk nou al aan 2015 en 2016 se boeke – vermoed mense dat dit 'n rustiger bestaan inhou as byvoorbeeld in 'n dagblad of internetomgewing waar dinge onmiddellik moet gebeur. Tog stel boeke hul eie en baie presiese eise: Dis wel deeglik nodig om nou al aan die 2015 boeke te werk, veral as dit volkleurboeke is wat in die Ooste moet druk ter wille van prys en gehalte.

Alles word teruggewerk van die publikasiedatum af: soveel maande vir druk as dit oorsee is, drie tot vier maande omdat die boeke terug Suid-Afrika toe verskep moet word, plaaslik ses tot sewe weke – soveel vir produksie, soveel vir redigering en fotonavorsing. Daar is geen ruimte vir agterraak nie, en met tien, twaalf boeke per redakteur per jaar bestuur jy veelvuldige projekte wat elkeen op 'n ander stadium is, alles gelyktydig. Dis kophou en byhou.

By Tafelberg staan twee hoogtepunte uit tussen baie: Hermann Giliomee se *The Afrikaners* in 2003 en die *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* in 2007. *The Afrikaners* is gelyktydig internasionaal



“

Daar is geen ruimte vir agterraak nie...

Dis kophou en byhou.

”

uitgegee en dit was heerlik om saam met Britse en Amerikaanse uitgewers aan so 'n omvattende projek te werk, en veral om met 'n skrywer van Giliomee se formaat te kon saamwerk. Die boek was plaaslik oombliklik 'n topverkoper, en ons het dit later in Afrikaans ook uitgegee, met ewe veel sukses. Dis een van daardie boeke wat net nooit tot stilstand kom nie: kykNET maak nou 'n reeks daarvan en ons beplan 'n nuwe, verkorte en geïllustreerde uitgawe wat sal uitkom as die reeks uitgesaai word. En Hermann Giliomee is aan die skryf aan 'n nuwe boek *Writing the Afrikaners*.

Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika moes in 'n rekordtyd afgehandel word en het werk van 31 kenners bevat. Ek het gereeld soos 'n goëlaar gevoel: Skrywers aanjaag, illustrasies opspoor in soms onderbemande argiewe en obskure plattelandse museums, teksversorging en vertaling – wat soos enige volkleurboek presies ewe lank in Afrikaans en Engels moes wees. Sleg die swart tekslaag word verander en teks in albei tale moet op dieselfde kleuragtergronde inpas.

Sedert laat 2009 is ek nefiksie-uitgewer en bestuur uiteenlopende publikasielyste: van ons groot Human & Rousseau kookboeklyns (dink *Kook & Geniet*, *Kokkeoor* of *Huisgenoot wenresepte*) tot sakeboeke (Brand Pretorius, Jannie Mouton), reisverhale soos Dana Snyman s'n, en my ou liefde, die Tafelberg aktuele boeke.

Die lekkerste deel van die werk is die uitdink van nuwe boekidees, waarna 'n mens, effens bewend soms, die skrywer nader en hoor of hulle dit nie wil oorweeg om 'n boek by jou uit te gee nie. Soms

“

...ook 'n bydrae
lewer tot brood-
nodige gesprek in
Suid-Afrika.

”

neem dit vyf, ses jaar van vra tot daar 'n manuskrip in jou in-mandjie land. Sô is 'n droom vir my bewaarheid toe ek verlede jaar Xolela Mangcu se biografie oor Steve Biko kon uitgee, vier jaar na ek hom die eerste keer genader het. Vanjaar was die uitgee van Mamphela Ramphele se outobiografie eweneens 'n diep bevredigende ervaring. En vroeg volgende jaar kom Edwin Cameron se *Justice: A personal account*, Sampie Terreblanche se *Verdeelde land* en 'n boek deur Pumla Goboda-Madikizela oor die verwonding van Suid-Afrikanders en hoe ons hoop in die toekoms kan herstel. Ek glo dat ons,

deur opinies van oor die spektrum so goed moontlik uit te gee, ook 'n bydrae lewer tot broodnodige gesprek in Suid-Afrika.

Naskrif: Kyk vir die lekker na ons digitale Tafelberg Kortboekreeks, waar jy vir net R35 boeke kan koop oor 'n reeks aktuele onderwerpe, van Afrika-leierskap en wat skort met ons huidige leiers (Max du Preez) tot die strategiese skuiwe wat Suid-Afrika sal moet maak om voordeel uit BRICS te trek (William Gumede) en ligter leesstof soos Andrew Donaldson se The Heart of Dickness. <http://www.tafelberg.com/shortbooks>

IN
MY

element

ANNIE OLIVIER (2000)

As jy my in die middel van my joernalistieke studies in 2000 sou sê dat ek eendag boeke gaan uitgee, sou ek jou nooit glo nie. In retrospek is dit egter asof alles in my lewe as joernalis daarop afgestuur het en my perfek voorberei het vir 'n loopbaan as uitgewer.

So kies ek in die vier jaar wat ek aktief geskryf het onder meer wetenskap en tegnologie as 'n *beat*. Dit het my geleer daar is wonderlike dinge in die akademie weggesteek, 'n mens moet net daarvoor gaan soek én weet hoe om met die Genus Akademikus om te gaan. Vandag moet ek gereeld navorsingstukke in toeganklike, aangrypende leestof vir Jan Publiek omskep en is tientalle van my skrywers akademië.

Maar aangesien ek nooit veel meer as 'n gemiddelde joernalis sou wees nie, het ek my toe na die nagkantoor gewend. In die stilte van die nag het ek geleer van stories herskryf en logies verpak en alte dikwels iets uit niks skep. Ook van kopie poleer én poleer – vaardighede wat onontbeerlik is vir enige uitgewer.

In 'n stadium was ek ook assistent tot die nuusredakteur wat my weer laat besef het dat ek nogal 'n hond uit 'n bos kan organiseer. Gee my tog net 'n

bietjie chaos om uit te sorteer. Toe ek by Tafelberg beland, het ek sommer gou agtergekom dat uitgewers in wese *glorified* projekbestuurders is en 'n administratiewe las het wat menigte al laat vou het. Ek is dus salig in my element.

Een van die belangrikste dinge wat ek egter as joernalis geleer het en wat my elke dag nog help as uitgewer, is my nuussin. Daarvoor is ek veral twee mense dankbaar: Johan Retief wat my as onskuldige student die eerste keer verduidelik het wat die verskil tussen 'n *opsomming van gebeure* en 'n nuusberig is en my eerste nuusredakteur, André le Roux, wat gesê het ek moet meer gereeld vra “hoekom”. Hierdie lesse en my ervarings in die nuuskantore van *Rapport* en *Beeld* het my in voeling gebring met die man en vrou op straat én my laat besef wat maak 'n goeie storie. In 'n boekkonteks: Gaan hierdie boek verkoop? Spreek dit tot Sannie Publiek, is dit 'n tema wat haar raak?

In kort: Ek was nog nie 'n dag lank spyt oor my besluit om joernalistiek te studeer nie. Dit het my wonderlike dinge oor die lewe geleer en vir my deure oopgemaak wat ek nie eens geweet het bestaan nie.





Photos: Vanessa Smeets

TAUGHT

by

children

VANESSA SMEETS was part of the BPhil class of 2010 and while she does practise journalism on her personal blog, her passion has now steered towards educating children 3 to 10 years old. She teaches Grade R and RR at Pretoria Montessori Preschool, while doing their marketing and social media, and *au pairs* privately in the afternoons. She explains her transition from journalist to teacher...

“Only those who look with the eyes of children can lose themselves in the object of their wonder.” - Eberhard Arnold

About five years ago, I was determined to become a war reporter who would travel the world and document the world’s most savage encounters. My parents and friends were horrified. Christiane Amanpour, James Nachtwey and the guys from the Bang Bang Club were my heroes.

The truth is: I wanted to push myself to the limits. But after applying to a medley Masters’ programmes in Germany/Denmark/ Australia, where the focus was on war and conflict, I realised one cannot keep moving without looking back, one becomes attached to places (even if they scar you) and the world is cruel to the naïve, the foreign and the young at heart. I was all three. It was difficult to make friends, but it was even more difficult to leave them once I had found them.

What really changed my mind was an interview I watched about a South African reporter for CBS about Lara Logan’s terrifying ordeal during the Arab Spring. She got lost from her camera crew and was viciously beaten, raped with

“
...I’m home
now. I am grateful for
my inner child...
”

sticks and left for dead by the angry mob in Egypt. There’s a price to pay for true journalism, but my life was not for sale. And so began the journey of renewal.

I stopped focusing on death, I focused on life. I went back to my first passion: teaching. But, I was better equipped. I was more patient, as I knew how much I missed childhood while away from home. I was well-travelled, I could bring those experiences to the classroom. I was still a traveller, children could travel through my stories.

The beauty of life is that it teaches you all the time; it asks you to be thirsty. And while I still adore journalism and keep writing whenever I can, I’m home now. I am grateful for my inner child... I found myself by finding out that children are the world’s greatest teachers.

My blog: www.vsmets.wordpress.com



Children taught Vanessa Smeets to see with new eyes the wonders of life: to explore, to enjoy, to laugh and to cherish every moment.



Vanessa claims that children are the world’s greatest teachers, by the small things they teach you about the world and yourself every day.

JIP *geskiedenis*

leer mens nie niks nie

LEZÉL AMORAAL (2000)

Dit was 'n warm Bolandse oggend net voor die matriekeindeksamen toe ek 17 jaar gelede my laaste saalbyeenkoms by die Hoër Meisieskool Bloemhof bygewoon het. Ek het, soos die tradisie steeds is, ook deur die erewag van Bloemhoffers by die groot skoolhekke in die boomryke Kochstraat langs die Eersterivier in Stellenbosch uitgestap. Ek was nie een van dié matrieks wat snot en tranes gehuil het nie, ook nie van daardie wat vir al die juffrouens drukkies wou gee nie... Nee ek wou net wegkom, sodat my lewe kon begin.

Sien, ek wou met alle mag en mening joernalis word. Ek het groot drome in die skoolbanke en tydens saalbyeenkomste en ledige eksamenure gedroom om as joernalis die wêreld te kan verander. Die laaste ding waaraan ek toe gedink het, was dat ek eendag weer terug sal wees by my Alma Mater en nóg verder verwyder was daardie gedagte om 'n onderwyseres te word.

Ek het van 2003 tot 2005 as redakteur van *JIP (Die Burger)* baie met tieners gewerk, van *JIP Rockspaaider se Battle of the Bands* tot *JIP Tiener*, 'n skoonheidskompetisie, en dit ongelooflik baie geniet.

Die mediabedryf het my egter na 'n aantal jare ietwat ontnugter: Die lang werksure, die min betaling en die sinisme van sommige joernaliste. Deur die werk met die tieners by *JIP* het ek agtergekom om die wêreld te verander moet jy begin by die jeug van 'n land en om die jeug te verander moet jy begin by hul opvoeding.

Ek het in 2005 ingeskryf vir my Nagraadse Onderwysertifikaat by UNISA en soos die noodlot dit wou hê stap ek toe vroeg in Januarie 2006 as die nuwe Geskiedenis- onderwyseres by Bloemhof se deure in.

Ek onthou ek het die eerste kwartaal elke middag by die huis gekom, op my bed gaan lê en kliphard vir myself begin lag. Ek het gelag oor hoe onseker ek was. Ek het gelag oor hoe sleg ek klasgee en ek het gelag oor die leerders in my klas wat grootoog na my gekyk het oor my ma die 4M-interskole begin het. (*Ja, mev. A – soos meeste alumni haar ken – het een van die grootste interskole atletiek-byeenkomste in die Wes-Kaap begin, definitief dié grootste interskole vir slegs meisieskole in die land!*)

Bloemhof is 'n uitstekende skool, met briljante onderwysers en leerders met 'n ongekende werksetiek. Ek het vinnig besef, as ek hier die mas wil opkom en 'n suksesvolle Geskiedenis-juffrou wil wees wat die leerders grootoog aanstaar oor hoe sy klas gee, sal ek moet verbeter. Hier het ek nie 'n vakdidaktiek- of



Foto: Nadine Petrick

“

...ek het gelag oor die leerders in my klas wat grootoog na my gekyk het oor my ma die 4M-interskole begin het.

”

“

Wie sê die konsentrasiekampe was belaglik? Jy? Kitchener het nie gedink dit was belaglik nie.

”

onderwyshandboek geraadpleeg nie, maar begin staat maak op my joernalistieke opleiding.

Die geskiedenis bestaan uit duisende stories en soos ons in Crozierstraat geleer is, begin elke goeie storie met die belangrikste of interessantste inligting. As jy in Bloemhof 'n sin begin met: “Hierdie is belangrik vir die eksamen...” luister almal. Die heel beste manier om 'n Geskiedenisklas mee te begin is met die bloed, sweet en tranes van hierdie stories. As dit klink soos 'n goeie *Huisgenoot*-storie dan hang die klomp tienermeisies aan jou lippe.

Gelukkig het die leerders gou agtergekom dat Geskiedenis nie net oor 'n spul datums gaan nie. Ons het klasdebatte gehou oor wie nou eintlik verantwoordelik was vir die Koue Oorlog, hoekom Geloftedag nou Versoeningsdag genoem moet word en hoekom Adolf

Hitler 'n goeie leier was. My gunsteling-aanhaling waarmee ek elke jaar my nuwe gr. 10's in die senior Geskiedenisklas verwelkom, is die woorde van George Bernard Shaw: “*We learn from history that we learn nothing from history.*” Dan vra ek vir hulle hoekom hulle dan nou eintlik Geskiedenis as een van hul sewe vakke gekies het.

Om 'n suksesvolle Geskiedenis-onderwyseres te wees moet jy die leerders 'n paar vaardighede aanleer wat baie verband hou met die tipe vaardighede wat 'n joernalis oor moet beskik. Ek moes die leerders leer hoe om uit 'n groot hoeveelheid inligting van 'n verskeidenheid van bronne die nuttige inligting te verkry, dit te verwerk en dan 'n opstel of paragraaf te skryf. Dis tog baie

dieselfde roete wat 'n joernalis moet volg om 'n berig/artikel vir 'n koerant/tydskrif te skryf. Daarmee saam moes ek hulle leer wat 'n betroubare en onbetroubare bron is.

Aan die begin het ek leerders se opstelle gemerk soos wat ek 'n koerantberig sou proeflees. Ek het meer soos 'n taaljuffrou gevoel en het besef ek sal ligter met die rooi pen moet werk en eerder moet fokus op wat hulle skryf. Kommentaar soos: “TE veel spelfoute. Daar is 'n komma tussen werkwoorde” is vervang met: “Los die byvoeglike naamwoorde. Jou opinie tel nie. Wilde stelling moet gestaaf word met feite! Wie sê die konsentrasiekampe was belaglik? Jy? Kitchener het nie gedink dit was belaglik nie.”

Take is al 'n vloekwoord vir meeste onderwysers. Almal weet die leerders kry al hul inligting van die internet af, vertaal dit in *Google Translate* of hul ma's doen dit vir hulle. Groot was my ontugtering toe ek 'n matriek Geskiedenisleerder se navorsingstaak merk en daar was slegs drie verwysings in haar bronnelys: Google, Wikipedia en Mieliestronk! Ek het die leerders van plagiaat vertel en dat die skool, dorp en universiteit 'n groot biblioteek het met baie boeke. Nie boeke vir jou Kindle nie, regte, egte boeke met bladsye. Ek het skaamteloos kliphard in die skoolbiblioteek gelag toe 'n gr.10-leerder inligting vir haar taak oor Jan van Riebeeck in die ensiklopedie onder J gaan soek het en vir my heel verbaas vertel dat daar geen inligting oor Jan van Riebeeck in die ensiklopedie is nie.

Soos ek gemakliker met die onderwys begin raak het, het ek meer geleenthede gesien om die handboeke in die tas te los en met die leerders te gesels oor nuusgebeure, media-geletterdheid en hoe dit duidelik is dat die mens steeds nie genoeg uit die geskiedenis leer nie.



Foto: Lize Mostert - LILAC Photography

ONDERWYS

op die

platteland

SUSAN VAN ROOYEN (NÉE SAMUEL)
(1999)



'n

Mens dink altyd dat joernalistiek die tipe beroep is wat jy vanaf enige plek kan doen. Op 'n klein dorpie met klein kindertjies in die huis, het dit dan ook na die beste opsie gelyk. Ek het egter gou agtergekom dat daar baie sterk kompetisie is onder vryskut-joernaliste en dat mense wat meer mobiel is – wat maklik kan deurskiet stad toe vir 'n vergadering of 'n onderhoud – net daardie kompeterende voordeel het. Dit is ook aansienlik moeiliker om stories te 'pitch' as jy nie meer in die betrokke publikasie se gange is nie of jou oor op die grond het in terme van kontakte nie. Later probeer jy spesialiseer in iets – soos kindersorg of letterkunde – maar uiteindelik is jou afsondering op die platteland steeds tot jou nadeel. Gelukkig kon ek redelik oorleef te danke aan vriendinne uit my joernalistiek Honneursjaar wat vertrou in my vaardighede gehad het en wat ek nie van voor af moes oortuig van my vermoëns nie.

Die idee om onderwys te swot – wat 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) behels – het posgevat toe daar by ons plaaslike hoërskool 'n pos vir 'n Afrikaanse onderwyser oopgegaan het. Om deelyds te studeer is nie 'n grap nie. Met my eerste eksamen in 13 jaar, het ek aanvanklik gedog ek het 'n maagvirus ook nog, maar toe dit onmiddellik ná my laaste skryfsessie opklaar, het ek besef dat die spanning van eksamenskryf maar altyd daar gaan wees, ongeag my ouderdom of lewenservaring! Gelukkig het laataande in 'n nuuskantoor en die gewoonte om op spertye te reageer redelik vrugte afgewerp met die werkstukke en kon ek ná twee jaar die sertifikaat raam.

“

...het ek aanvanklik gedog ek het 'n maagvirus ook nog, maar toe dit onmiddellik na my laaste skryfsessie opklaar, het ek besef dat die spanning van eksamenskryf maar altyd daar gaan wees...

”

E

k gee sedert die begin van 2013 skool by Hoërskool Montagu en geniet dit ontsettend baie. Ek spot altyd deur te vra waar anders in die lewe kan 'n mens vir 40 minute praat en mense word verplig om na jou te luister!? Dit het my 'n ruk geneem om aan die kinders gewoon te raak – hulle luistervermoëns is

oor die algemeen nie te waffers nie en hulle almal kan 'multitask'! – maar die terugvoer is onmiddellik en spesifiek. As jy vervelig raak, dan slaap hulle. As jy iets nie goed verduidelik nie, kry hulle dit nie reg in 'n toets of eksamen nie. As jy vir te lank in 'n slegte bui is, begin hulle jou uitvra daaroor. Ek kan redelik beneuk raak as ek fokus, en moes leer om my gemoedstemming aan te pas – veral rondom die druk wat op jou is om die matrieks eksamengereed te kry – sodat hulle dit nog steeds geniet om in my klas te wees.

Die grootste aanpassing, vanuit 'n joernalis se oogpunt, was hoe onderwysers behandel word. Die salaris is definitief beter as in die joernalistiek (of dalk het ek net nooit 'n goeie pos gehad nie!), maar jy word soos 'n kind behandel deur die onderwysdepartement. By vergaderings of opleidingsdae word elementêre dinge herhaaldelik verduidelik, en die hele papiersisteem is geweldig omslagtig en burokraties. Alles wat jy doen, word 'opgecheck'. En as éniemand ooit weer vir my sê ek moet 'uit die boks dink' of 'rock in my taal' gaan ek klontjies kry!

Tog is dit heerlik om weer deel van 'n span te wees en om vroegoggend die vriendelike gesigte van mede-personeel en leerders te sien. Die skoolkoerant word ook nou deur my gekoördineer en dit is lekker om steeds besig te bly met die basiese joernalistieke beginsels en dit aan leerders oor te dra – met genoeg ervaring en stories uit die praktyk om werklik 'n verskil te maak daaraan of hulle dit toepas of nie.

'n Mens is egter baie meer deel van 'n gemeenskap se ritme – en ek weet baie meer van ons dorp as in die dae toe ek vir die gemeenskapskoerant gewerk het!

Ek is dankbaar dat ek eers ander paaie kon loop voordat ek begin skoolgee het. Ek bevind my egter steeds in die bedryf van storievertelling, aangesien opvoeding en taalkunde die beste deur voorbeelde oorgedra word. Veral in 'n klaskamer klink my 'vorige lewe' tog baie interessant en opwindend – en ek dik alles lekker aan vir die effek, want – anders as by 'n koerant – kan ek nou seker maak die feite staan nie in die pad van 'n goeie storie nie!

“

As jy vervelig raak, dan slaap hulle. As jy iets nie goed verduidelik nie, kry hulle dit nie reg in 'n toets of eksamen nie. As jy vir te lank in 'n slegte bui is, begin hulle jou uitvra daaroor.

”

RYKIE-SEMINAAR



Die departement het op 25 Oktober die jaarprogram vir die BPhil-groep van 2013 afgesluit met die jaarlikse Rykie-seminaar. Van links is mnr. Johannes de Villiers, Rykie van Reenen-genoot (2013), me. Jacolette Kloppers (2007), me. Hannelie Booyens (2011), dr. Gawie Botma (2005) en voorsitter van die departement, mnr. Tobie Wiese (2002-2004), me Jo-Ann Floris (2010), mnr. Gert Coetsee (2008), prof. George Claassen, dosent en voormalige departementshoof, en prof. Lizette Rabe, dosent en voormalige departementshoof wat die seminaar gereël het. Ander sprekers was mnr. Bun Booyens, redakteur van Die Burger en genoot van 1998-1999, dr. Johan Retief, Suid-Afrika se Pers-ombudsman en genoot van 2000-2004, en me. Henriëtte Loubser, redakteur van *Huisgenoot*.

AND ELSEWHERE.../EN ELDERS...

Mission work in Africa

LEEANN PRATT (2002)

Three weeks of building, painting, teaching and meeting locals in Botswana (Sepupa village) and Zimbabwe (Bulawayo) was the privilege that befell students and staff from the Koinonia Training Centre. This time in neighbouring African countries formed part of the missions work of one of the year long courses, called Year of Training, which I oversee as Training Centre Oversight. In Sepupa, a village located on the western banks of the Delta, we built and roofed a facility for the youth, whom we were also able to spend time with, donate shoes to, and learn a few soccer tricks from. The team returned home to Modimolle, Limpopo, with a renewed appreciation for our beautiful country and grateful for the daily blessings that we enjoy as citizens of South Africa. What a dignity and delight to be God's hands and feet in our country and beyond.



LeeAnn (second from right) with the team in front of the church.

Dosent by NWU se Skool vir Tale

JACOLETTE KLOPPERS (2001)



Ná byna twaalf jaar by Media24 het ek in April vanjaar by die Noordwes-Universiteit aangesluit. Hier is ek verbonde aan die Skool vir Tale op die Vaaldriehoekcampus.

Tydens my BPhil-jaar het ek besluit ek sal graag eendag as die Rykie van Reenen-genoot na die departement wil terugkeer. Dié droom is later bewaarheid, en ná die Rykie-jaar het ek nog vier jaar lank deelyds op Stellenbosch klasgegee. Tans doseer ek joernalistiek en kommunikasie vir eerste-, tweede- en derdejaarstudente en ek is verantwoordelik vir 'n groot deel van ons honneurskursus in joernalistiek.

Die departement op Stellenbosch het 'n groot invloed op my gehad. In my nuwe werk besef ek opnuut watter goeie blootstelling ons daar gekry het en watter hoë standaarde gehandhaaf is. Die Stellenbosse kursus inspireer en motiveer my steeds en ek kan maar net probeer om in daardie voetspore te volg.

Teen my kantoormuur pryk 'n foto van ons jaargroep voor die departement in Crozierstraat. Dít is waar alles begin het (buiten natuurlik vir die wonderlike jare by *Die Matie*). In die eerste en laaste plek is ek altyd 'n joernalis, dán eers 'n dosent.

Skoolhou in Boston

MARTHELI NICODEMUS (1997)

Hierdie is my twaalfde jaar by dieselfde skool in Boston, Massachusetts. Ek werk by die Academy of the Pacific Rim Charter Public School. Ons het 'n Lower School (graad 5 en 6), 'n Middle School (graad 7 en 8), en 'n High School (graad 9 tot 12). Vir die eerste ses jaar by APR het ek Biologie vir graad 7 gegee. Die volgende vyf jaar was ek die Dean of Support Services/Director of Special Education vir die hele skool, en ek is ook sedert verlede jaar die AP (Advanced Placement) Biologie onderwyser in graad 12. Hierdie jaar het ek 'n nuwe pos - ek is nog steeds die AP Biologie-onderwyser, maar ek is ook die Director of Development and Communications.

In hierdie nuwe pos gebruik ek my joernalistieke kennis en ondervinding elke dag: ek skryf toekenningvoorstelle ("grant proposals"), ek behartig ons webbladsy (www.pacrim.org), ek skryf ons jaarverslag, en ek is die skool se amptelike woordvoerder.

Maar ek gebruik ook my joernalistieke vaardighede elke dag in my klas. AP Biologie is op 'n universiteitsvlak, so my studente moet navorsing doen, artikels interpreteer en analiseer, en navorsingsverslae skryf. Ek moet natuurlik al hulle skryfwerk merk, en verbeter. En ek is ook ietwat van 'n onoffisiele "sub" vir my kollegas se skryfwerk.

Ek was nog nie betrokke by die skoolkoerant nie (ons het nie regtig een nie), maar ek wil graag soiets begin. Al die onderwysers by my skool is betrokke by kulturele klubs ensovoorts. Om die waarheid te se, elke jaar bied ons twee Project Weeks aan in die hoërskool.

**I must be crazy, but I love it**

MARENET JORDAAN (2001)

I have renewed respect for the lecturers and journalists who braved the podium in the house which was my Crozier 26 in 2001.

Not only because of their talent and for what I learned from them. Nowadays it is because I know what it feels like to stand in front of a group of barely-twenty-year-olds; half of whom are falling asleep because of what they did last night and with the rest looking at you as if you do not know what you are talking about.

Teaching – and especially teaching journalism – is like walking a tightrope in a circus wearing a clown's hat. You have to outwit, outplay and inspire a new generation of hacks. You have to be entertaining and serious at the same time. Because our business is going through tough times, but will always be essential to democracy and public discourse. Luckily we are also in one of the most fulfilling and rewarding professions known to humankind.

That is why I am braving the podium teaching students everything from how to construct an intro to basic ethics and why I am taking them out into the "real world" to *do* journalism.

Because I love this crazy business and I want them to love it too.

SAKEjoernalistiek

Ryk van Niekerk, besturende van Moneyweb, was 15 jaar by Media24 en sien Moneyweb as die leier van geïntegreerde joernalistiek in die land. Moneyweb verpak en verwerk inhoud vir verskeie platforms, insluitende die web, mobiele toepassings, radio, nuusbriewe, koerante en tydskrifte. Hulle hoop om binnekort ook 'n televisie-kanaal tot die portefeulje te voeg. Al die ander groot mediagroepes fokus op een van hierdie platforms. Die uitdaging is dus om met een nuuskantoor inhoud vir al hierdie platforms te genereer.



INGE LAMPRECHT (2008)

My pad ná Crozierstraat begin vroeg in Januarie 2009, toe ek as joernalis by *Sake24*, die finansiële deel van die Afrikaanse dagblaai, *Beeld* en *Die Burger* aanmeld.

Ek was een van 'n paar van Media24 se BPhil-beurshouers in 2008 en moes gevolglik vir twee jaar by *Sake24* in Johannesburg kom werk. Hoewel ek in daardie stadium vas oortuig was dat ek die Kaap net tydelik sou groet, is ek vandag, byna vyf jaar ná die “afskeid”, steeds in Johannesburg. As 'n mens aan eie bas die wisselwerkinge van die Suid-Afrikaanse sakejoernalistiek wil beleef, is dit beslis dié plek om te wees.

In my eerste drie maande by *Sake24* skryf ek hoofsaaklik oor mediese maatskappye en doen vertaalwerk. Aangesien Media24 in die tyd 'n groot herstrukturering beleef, word ek ná drie maande na die nagkantoor verskuif en begin ek as subredakteur werk – 'n vuurdoop vir iemand wat feitlik geen taalopleiding het nie, maar ook 'n fantastiese leerskool. Ná 'n jaar en 'n half in dié rol, begin ek weer as joernalis werk – steeds by *Sake24*. Ek skryf veral oor die motorbedryf, hotelle en toerisme en sien gedurende die tydperk ook wonderlike plekke – onder meer Zürich, Hamburg, Shanghai en Seoel – as deel van my werk.

Ek het intussen aan my MPhil begin werk. My fokus, onder leiding van dr. Simphiwe Sesanti van die Universiteit van Stellenbosch se Departement Joernalistiek, is media-etiek en my tesis handel oor die uitbeelding van die atleet Caster Semenya in spesifieke Afrikaanse koerante in 2009. Die graad is in April vanjaar toegeken.

Ná meer as vier jaar by *Sake24* was dit tyd vir 'n verandering en ek het in April vanjaar as joernalis by die aanlyn-sakepublikasie *Moneyweb* begin werk. Ek skryf op die oomblik hoofsaaklik oor beleggings- en belastingsake en behartig ook die sakenuus-insetsel op die RSG Geldsake-radioprogram op weksaande.

Moneyweb bied terselfdertyd 'n ongelooflike geleentheid om nuwe vaardighede aan te leer en die vryheid om oor 'n verskeidenheid onderwerpe te skryf. (En natuurlik om Engels baas te raak!)



JEANETTE CLARK (2002)

Dit is 'n probleem as jy eintlik alles wil doen. Daar is soveel om te ervaar en soveel om te leer, dit kan nie anders dat jy rondloer na die volgende lekker uitdaging nie. Die joernalistiek was 'n wonderlike manier om my lus vir die onbekende in my dagtaak te omskep. Elke dag moes jy iets nuuts leer, sodat jy dit verstaanbaar vir die lesers (luisteraars, kykers) kon deurgee.

By Moneyweb, waar ek die absolute voorreg gehad het om vir 'n jaar en 'n half te kon werk, kon ek nie net my passie vir skryf uitleef nie, maar ook die wonderlike wêreld van uitsaaijoernalistiek betree deur elke nou en dan RSG Geldsake aan te bied. Ryk van Niekerk, ook 'n alumnus en Moneyweb se besturende redakteur, het my regtig vrye teuels gegee om te doen waarvoor ek lief was op my eie manier. Sodoende het ek my eie unieke passie in die joernalistieke wêreld gevind – om oor persoonlike finansies te skryf.

Maar dinge verander vinnig. Die een oomblik skryf ek nog oor hoe om deur verskillende lewensfases jou banksake te bestuur en die volgende oomblik is ek self in 'n heel nuwe lewensfase as hoof van kommunikasie by Mercedes-Benz Suid-Afrika. Die joernalis in my sal egter nooit gaan lê nie, sy mag nie. Sy help my steeds te veel in my nuwe verantwoordelikhede – om fyn te luister, tussen die lyne te lees en ingewikkelde konsepte kort en kragtig te kan opsom. Ek moet dit nou net in 'n *business suit* doen.

“

Die joernalis in my sal egter nooit gaan lê nie, sy mag nie.

”

JANUS SHORTS



CROZIER STREET'S LATEST PhD

Bev Dube is currently a lecturer in the Department of Communication and Applied Language Studies at the University of Venda in Thohoyandou, Limpopo Province. She teaches Media Economics, Political Economy of the Media, Mass Media Theory and Mass Communication Research. She was recently awarded a Doctorate (Journalism) by the University

of Stellenbosch and will be graduating on 11 December 2013. Dube's paper, based on her PhD was judged by the WJEC in Belgium as runner-up best paper. This is an outstanding achievement for a beginner amongst the international heavy-weights. She received money-prize and a certificate, but above all it was a wonderful recognition for the integrity of her work.

APPEL VIR DIE GROOT APPEL

André-Pierre du Plessis (klas van 2007) vertel oor sy ervaringe by Columbia Universiteit in New York. Tessa van Staden, Yolaan Begbie en nou ek. Dis die mense van wie ek weet, wat met 'n joernalistiek-graad op Stellenbosch aangegaan het om 'n meestersgraad in joernalistiek aan Columbia Universiteit in New York te voltooi. So wanneer mense vir my vra, "Wat het jou laat besluit om dit te gaan swot?" begin ek altyd by die joernalistiek-internskap pas na my BPhil-graad.

Te danke aan my BPhil-radiodosent wat nuusredakteur was van KFM, Lizma van Zyl, kon ek vir 'n maand by Primedia werk as deel van my verpligte internskap. Wat lekker was van KFM was die samewerking met hul susterstasie CapeTalk wanneer dit kom by nuus. Maar dit het beteken ek sou in Engels ook moes werk, iets wat ek voorheen nooit gedink ek sal dit kan doen nie, nie hierdie Vrystaatse kind nie. Maar die die CapeTalk nuusredakteur, Tessa van

Staden, het my 'n kans gegee om myself te bewys. En toe eendag begin sy met my gesels, vertel van haar BPhil-jaar en hoe sy eintlik nog wou swot daarna, nes ek. Sy't vertel van haar jaar in New York by 'n joernalistiekskool wat haar harder laat werk het as wat sy sedertdien gewerk het. Tessa is 'n bekroonde nuusleser vir een van die land se top radiostasies. Ek wou myself uitdaag en sien of ek ook soos Tessa iets kon doen wat my kon uitdaag en wat vir my hopelik nuwe deure sou oopmaak sodat ek ook eendag 'n bekroonde en gerespekteerde joernalis kon word.

Die jaar by Columbia was onvergeetlik en spesiaal vir die talle BPhil-alumni wat kom kuier het, talle wat saam met my bly was, Yolaan wat steeds in New York was om my te verseker ek sal die jaar oorleef, en selfs die nuwe Rykie van Reenen-genoot, Johannes de Villiers, om aan die einde van die jaar saam met my die einde van die kursus te kom vier.

AWARDED

Fin24 journalist **Carin Smith (class of 1987)** has won the 2013 Izethelo award for outstanding journalism on the fruit industry in the print media.



Winners in the various categories of the annual award by the deciduous fruit industry and Agricultural Research Council were announced at a gala event held in the Cape Sun Hotel.

Carin received the award for her insightful reporting on the economic impact of the farmworker strikes in the Boland in 2012. The articles were published while she was part of the Sake24 team.

AND FROM UTRECHT



Kevin Scott (class of 2001) After doing my MBA in the Netherlands, I am busy working as a Senior Management Consultant for a French company in the broadcast sector (Atos). Life is quite good — but very busy. I am traveling a lot! Based near Utrecht in the Netherlands, I've been on projects in Finland, France, Belgium, Luxembourg, Netherlands, UK, Denmark, Sweden, Brazil, India, Indonesia! Currently, I'm writing from Copenhagen where I've been working on an organisation design project.

I hope sometime next year I'll be able to return to Crozier and Stellenbosch for a visit! Though I like the business side of broadcasting, I miss the real craft of journalism and story telling. I think this is extremely good experience, but I can't see myself doing it forever!

AFRIKAANS VIR GH

Elmari Potgieter
(klas van 1992)

Goeie Huishouding het die eerste keer in November 2011 in Suid-Afrika verskyn. Dit is die twaalfde land waarin dié gewilde internasionale titel



uitgegee word sedert dit in 1885 in die VSA begin is. Ons teiken-mark is werkende vroue, van wie die meeste getroud is en kinders het.

Hulle is betrokke in hul gemeenskap en soek na oplossings vir allerhande kwessies. Hulle kuier graag saam met vriende en familie en stel belang in onder meer kos, dekor, skoonheid, mode, boeke en fliëks. Hulle werk verstandig met geld, maar bederf hulself en hul gesin soms.

Ek het in September vanjaar as senior Afrikaanse redakteur by *Goeie Huishouding* begin werk. My werk is om te sorg dat alle kopieë vir publikasie in 'n spesifieke styl en toon geskryf en leservriendelik en feitelik korrek is.

Die meeste artikels word uit Engels in Afrikaans vertaal. Ek redigeer en herskryf die Afrikaanse kopie waar nodig en skryf onder meer voorbladlokkers, opskrifte, inleidings en byskrifte. Die opleiding van die Afrikaanse redaksielede is deel van my verantwoordelikhede en ek kommunikeer met lesers wanneer nodig.

PICA TOEKENNING

AJ Opperman
(BPhil 2011)

het vanjaar 'n PICA-toekenning ontvang as Profielskrywer van die Jaar in die afdeling Verbruikers-tydskrifte. Die wenners van die Pica-toekenning is op 14 November tydens 'n glansgeleentheid bekendgemaak. AJ het 'n profiel oor die uit-saaijoernalis en skepper van Liewe Heksie, Verna Vels, geskryf. Die profiel "Hulle noem haar lieve Verna" is in die ATKV-tydskrif, *Taalge-noot*, gepubliseer.



BESTE NUWELING

Niel Joubert (klas van 2010) van Sake24 is Dinsdag bekroon as algehele wenner in die kategorie beste nuweling in PwC se eerste belastingjoernalis van die jaar-kompetisie.

Dié kategorie is vir joernaliste met minder as drie jaar ervaring as belastingjoernalis. Volgens die beoordelaars het Joubert "uitstekende verslaggewing- en skryfvaardighede en 'n goeie begrip van belastingsake".

Die beoordelaars was die veteraan-joernalis en skrywer Max du Preez, prof. Madeleine Stiglingh, hoof van die departement van belasting van die Universiteit van Pretoria, adv. Peter Solomon SC, wat spesialiseer in

kommersiële en belastingsake, en Paula Fray, 'n bekroonde joernalis. "Belasting is een van die mees tegniese gebiede om oor verslag te doen en ook 'n uiters belangrike ekonomiese kwessie wat die een of ander tyd 'n beduidende invloed in die lewe van elke belastingbetaler het – of dit nou 'n onderneming of individu is," het Paul de Chalain, hoof van Afrika-belasting van PwC, gesê.

Die toekennings is ingestel om finansiële joernaliste te vereer vir die waardevolle bydrae wat hulle lewer met verslaggewing oor en indiepte-ontleding van belastingaangeleenthede. Die algehele wenner in die druk-kategorie was Amanda Visser van *Business Day*.

SUNDAY TIMES LIT AWARD WINNER



Karen Jayes
(class of 1998).

I've been working as a journalist and editor for the past eleven years in South Africa and the UK, including as senior editor of an international weekly *The Middle*

East Times, and deputy editor of *Fairlady*. Most recently I served as a senior lecturer in journalism at CityVarsity School of Media and the Creative Arts, while I

completed my debut novel *For the Mercy of Water* (Penguin). Excitingly, the novel was honoured this year with the *Sunday Times* Literary Award for Fiction.

At the moment, I'm making every attempt to turn my attention to writing full-time, but I can't seem to resist the media. I host my own show on *Voice of the Cape* community radio station (91.3fm), entitled *Open Minds*, and I write for *Earthworks* magazine, a bimonthly covering the sustainable building and lifestyle industry. I also have two children, Heath and Bo, and I live in Muizenberg

CROZIERSTRAAT IN PRENTJIES



Skets deur Piet Grobler (klas van 1990). St. Franciskus de Sales is in 1923 deur Pous Pius XI verklaar as beskermheilige van skrywers en joernaliste.



Klas van 1986 geteken deur Anso van Zyl.

Agter: Suzette Truter, Bun Booyens, Mimi Buys, Sonja Delpont.
Derde ry: Henriette Pauw, Pier Ploughmann, Adri Schütz, Deon Schoeman, Inge Steyn, Aletta Steytler
Tweede ry: Lizl Kruger, Thom Graven, Cathy Lanz, Sandile Memela, Murray la Vita, Carolyn Newton
Voor: Anso van Zyl, Madeleine van Niekerk, Bobbi van der Spuy, Marina de Villiers, Alta Fölscher, Elize Fölscher



Skets deur Fred Mouton. Geskenk deur die klas van 2000.



Dr T se boom, 'n witstinkhout (met 'n storie) groei mooi voor Crozierstraat 26.



Cora Coetzee se skets van Crozierstraat 26.